# Bykomende inligting oor lugdienste

| | SAA | Mango | Kulula | 1time |
|---|---|---|---|---|
| Inboek-opsies | Inboektoonbank<br>Aanlyn-inboek<br>Selfoon-inboek<br>Selfhelp-inboekkiosk | Inboektoonbank<br>Aanlyn-inboek<br>Selfhelp-inboekkiosk | Inboektoonbank<br>Aanlyn-inboek<br>Selfhelp-inboekkiosk | Inboektoonbank<br>Aanlyn-inboek<br>Selfhelp-inboekkiosk |

| | SAA | Mango | Kulula | 1time |
|---|---|---|---|---|
| Inboek-tye | **Inboektoonbank:** Plaaslike vlugte – Aanbevole inboektyd is 1½ uur voor vertrek. Inboek vir plaaslike vlugte sluit 30 minute voor vertrek. Internasionale vlugte – Aanbevole inboektyd vir passasiers is ten minste 1½ tot 3 uur voor vertrek. Inboek vir streeks- en internasionale vlugte sluit 50 minute voor vertrek.<br>**Aanlyn-inboek:** Aanbevole inboektyd is tussen 24 uur en 3 uur voor die geskeduleerde vertrektyd.<br>**Selfoon-inboek/ selfhelp-inboekkiosks:** Sluit 90 minute voor vertrektyd. | **Inboektoonbank:** Aanbevole inboektyd is tussen 1 1/2 en 2 uur voor vertrek. Inboektoonbank is gesluit vir inboek en aanvaarding van bagasie 40 minute voor vertrek.<br>**Aanlyn-inboek:** Maak 12 uur voor vertrek oop. | **Inboektoonbank:** Maak 90 minute voor jou vlug oop en sluit 30 minute voor vertrek.<br>**Aanlyn-inboek:** 24 uur voor vertrek.<br>**Selfhelp-inboekkiosk:** Sluit 40 minute voor vertrektyd. | **Inboektoonbank:** Inboek sluit 30 minute voor vertrek.<br>**Aanlyn-inboek:** Laat inboek toe binne vier dae van geskeduleerde vertrektyd. Die diens pas 'n afsnypunt toe, 4 uur voor die geskeduleerde vertrek.Slegs beskikbaar vir passasiers wat sonder inboekbagasie reis. |
| Instap-kaarte | Uitgereik by lugdienstoonbank. Druk jou instapkaart tussen 24 uur en 3 uur voor vertrektyd uit.<br>**Selfoon:** Laai jou aanlyn-instapkaart af van www.flysaa.com. Toon met aankoms by lughawe jou aanlyn-instapkaart aan sekuriteit vir skandering.<br>**Selfhelp-inboekkiosks:** Druk jou eie instapkaart uit. | Uitgereik by lugdienstoonbank.<br>**Selfhelp-inboekkiosk:** Druk jou eie instapkaart. | Uitgereik by lugdienstoonbank.<br>**Aanlyn-inboek:** Druk instapkaart tuis uit.<br>Selfhelp-inboekkiosk: Druk jou eie instapkaart. | Uitgereik by lugdienstoonbank.<br>**Aanlyn-inboek:** Druk instapkaart tuis uit of kry instapkaart by inboek-afhaaltoonbank. |
| Inboek-bagasie | **Besigheidsklas:** 30 kg<br>**Ekonomiese klas:** 20 kg | Gratis bagasie-toelating van 20 kg. | Een gratis ingeboekte bagasietas met 'n gewig van tot 20 kg. | Een gratis ingeboekte bagasietas wat tot 20 kg weeg. |
| Instap-bagasie | **Besigheidsklas:** Twee tasse: 8 kg elk<br>**Ekonomiese klas:** Een tas wat nie 8 kg oorskry nie.<br>Benewens een instaptas word passasiers 'n persoonlike item toegelaat (oorjas, skootrekenaar, handsak). | Een tas wat nie 7 kg oorskry nie.<br>Jy mag, bykomend tot instapbagasie, 'n handsak en oorjas saamdra. | Een tas wat nie 7 kg oorskry nie.<br>Daarbenewens mag dames-handsakke, aktetasse, skootrekenaar-sakke, smuktassies en ander klein persoonlike items aan boord geneem word. | Een tas wat nie 5 kg oorskry nie.<br>Daarbenewens mag dames-handsakke, aktetasse, skootrekenaar-sakke, smuktassies en ander klein persoonlike items aan boord geneem word. |

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.